

# GOUE STRATE HET NIE STOF NIE

Ds. André van den Berg

## INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK	BLADSY
1. Die lewe na die dood	2
2. Die tussentoestand	7
3. Ons buitekant	14
4. Ons binnekant	17
5. Drie vra oor die hiernamaals	27
6. Die ewige verdoemenis	29
7. Die regte perspektief	31
8. 'n Paar slotgedagtes	35

## HOOFSTUK EEN Die lewe na die dood

*"Is jou lewe op stuk van sake net 'n asemtog? Nee, goddank, nee! En hieroor is die Bybel baie duidelik. Die dood is nie net 'n eindpunt nie, maar ook 'n nuwe beginpunt."*

### 1. Die skepping

"In die begin het God die hemel en die aarde geskape" (Gen.1:1). So begin die Bybel. En daarmee neem God verantwoordelikheid vir alles wat bestaan. Lewe begin dus by God. En daarom maak die lewe slegs sin indien die ontvanger daarvan God sentraal in sy lewe stel. Wie so leef, is geseënd, want Hy wat die lewe gee, gee aan so 'n persoon sielorus en lewensvreugde.

Gen.2 vertel die verhaal van hoe God die mens uit die stof van die aarde geskep en daaraan verbind het. Gevolglik durf die mens die lewe nooit as 'n reg beskou soos wat menseregte-aktiviste doen nie. Die lewe is 'n gawe uit die hand van God en geen reg waarop die mens durf aandrang nie. Die mens het geen regte nie, maar slegs voorregte!

Gen.1:31 meld dat God met die skepping tevrede was. Waar kom die dood dan vandaan? Die dood staan in skrilte kontras met die ganse skepping wat mooi en volmaak geskape is. Die Bybel leer ons dat die dood aan die sondeval in die tuin van Eden te wyte is. Paulus sê tereg dat die loon van die sonde die dood is. Die eerste mensepaar was aan God ongehoorsaam en het van die verbode vrugte geëet, vir God gaan wegkruip en van Hom vervreem geraak.

Hulle ongehoorsaamheid is sonde genoem wat alle ander verhoudings daarna versteur het. Sonde het bv. die gemeenskap tussen broer en broer so versteur dat Kain sy eie broer doodgemaak het. Dat sonde ook die gemeenskap tussen kinders en ouers versteur het, kan duidelik in die verhaal van Noag en sy seuns (Gen.9) gesien word. Gen.11 vertel vir ons die verhaal van die toring van Babel waar die mens in sy sondeversteurdheid die hemel probeer bestorm het.

God duld egter nie sonde nie. Daarom het Hy die eerste mensepaar onmiddellik uit die tuin van Eden verdryf. En buite die tuin van Eden het die dood soos 'n rower op die mens gewag. Ons moenie dink dat die dood net aan einde van ons lewenspad 'n werklikheid word nie. Dis nou al 'n werklikheid en veroorsaak daaglikse rimpelings op

ons lewenspad wat ons lewensgehalte laat inboet. Die mens leef bv. elke dag in die skadu van honger, siekte, ontberings, lewensgevaar en armoede. En aan die einde van die dag lê die dood finaal op sy lewe beslag wanneer hy sy laaste asem uitblaas.

## 2. Die lewe gaan voort

Die lewe het egter nie by die sondeval opgehou nie, maar voortgegaan. God se genade was groot. Ongeveer 'n duisend jaar na die skepping het sonde so toegeneem, dat God besluit het om 'n einde aan die mensdom te maak. Die watervloed wat Hy oor die aarde laat kom het, het alle mense op agt na, laat omkom. Noag en sy gesin het 'n dobberende teken van God se redding te midde van 'n verskriklike oordeel geword. God het gesorg dat die mensdom nie heeltemal tot niet gaan nie.

In die Nuwe Testament staan God se reddingsboodskap weereens sentraal wanneer Hy sy eie Seun na die aarde stuur om te soek, te vind en te red. Jesus het God se reddingsdaad kom uitvoer deur sy lewe aan die kruis te verloor sodat die mens die ewige lewe kon vind.

Ons moet egter nie aan die dood bloot as 'n straf van God dink nie. Die dood is ook die voltooiing van 'n lewenspad. Ongelukkig ervaar die meeste mense dit as 'n donker skaduwee wat hul ganse bestaan bedreig. Die mens moet liever daarmee vrede maak dat sy liggaam vir die dood bestem is. Ons geboorte is die begin- en ons dood die eindpunt van ons aardse lewe.

Mense dink nie graag oor die dood nie omdat dit lewens ontwig en ontwortel. Daarbenewens beëindig dit die lewe onherroeplik en skeur mense uit lewende verhoudings los. Jy blaas jou laaste asem uit om nooit weer asem te haal of in enige menseverhouding te staan nie. Maar beteken dit dat jou lewe in een asemittog eindig? Is jou lewe op stuk van sake net 'n asemtog? Nee, goddank, nee! En hieroor is die Bybel baie duidelik. Die dood is nie net 'n eindpunt nie, maar ook 'n nuwe beginpunt. Die dood beëindig wel jou aardse lewe, maar baan ook die weg vir 'n nuwe bestaanswyse.

Elke mens het twee beginpunte. Een aards en een hiernamaals. As die aardse een afgesluit word, neem die hiernamaalse een onmiddellik in aanvang, amper soos 'n kind wat met laerskool klaar maak, net om in die hoërskool 'n nuwe begin te maak. God is by die begin van ons aardse sowel as ons

hiernamaalse lewe teenwoordig. Ons is nooit sonder sy sorg nie!

# HOOFSTUK TWEE

## Die tussentoestand

Wat gebeur met jou wanneer jy sterf? Waarheen gaan jy? Hemel of hel toe? Nie een van die twee nie, maar wel na 'n tussentoestand waaroor die Bybel die gordyn net so 'n effentjies ooptrek. Hierdie tussentoestand is daardie tyd tussen jou sterwe en die dag van die opstanding met die wederkoms van Christus. Dis daardie toestand tussen nie meer op die aarde en ook nog nie in die hemel nie. So anders as ons aardse bestaan, is die hiernamaalse lewe nie vir almal eenders nie.

### 1. Die Paradys

Vir die gelowige wag die Paradys. Christus sê vir die bekeerde misdadiger aan die kruis dat hy saam met Hom in die Paradys sal wees. Die paradys is die wagkamer na die hemel. Wat word van die ongelowiges? Hulle wagkamer word in Matt.25:30 die buitenste duisternis genoem. Die Ou Testament noem dit weer die doderyk. Dis 'n verskriklike plek waar mense sal ween en op die tande kners omdat dit te laat vir bekering sal

wees. Die paradys is 'n kondisionele hemel en die buitenste duisternis of doderyk 'n kondisionele hel.

Let op die kruisverhaal in Luk.23 waar die een kruiseling ontdek dat die Messias langs hom gekruisig is. "En een van die kwaaddoeners wat opgehang is, het Hom gesmaad en gesê: As U die Christus is, verlos Uself en ons. Maar die ander een antwoord en bestraf hom en sê: Vrees jý ook God nie, terwyl jy in dieselfde oordeel is? - ons tog regverdiglik maar... Hy het niks verkeerd gedoen nie. En hy sê vir Jesus: Dink aan my, Here, wanneer U in u koninkryk kom. En Jesus antwoord hom: Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees".

Hierdie misdadiger is besig om te sterf. Jesus sê vir hom wat van hom gaan word sodra hy sy laaste asem uitblaas. Dis presies dieselfde as vir enigeen wat hom bekeer - hy maak sy oë in die Paradys oop. Die woord vandag kan dinamies met vir seker aanstons vertaal word. "Jy sal vir seker aanstons met My in die Paradys wees". Jesus gee aan hierdie man die versekering dat wanneer hy sterf, hy ewige geluksaligheid by Jesus sal geniet. Dit gee gelowiges die heerlike sekerheid dat hulle na die dood veilig en gelukkig by Jesus sal wees. In Fil.1 sien Paulus selfs daarna uit om te sterf

omdat hy dan met Christus sal wees. Niks op aarde, selfs nie eens die dood, kan ons van Christus skei nie. Gelowiges kan nou alreeds oor die werklikheid van hulle saamwees met Christus na die dood opgewonde raak. Paulus skryf aan die Korinthiërs: "Want om hierdie rede sug ons ook en verlang om met ons woning uit die hemel oorklee te word".(2:5:2).

## **2.Die buitenste duisternis/doderyk**

Die Ou Testament noem die buitenste duisternis die doderyk. Dit klink geheimsinnig, ja, selfs beklemmend! Daar is 'n verskil van mening of die doderyk 'n spesifieke plek en of dit maar net iets oor die onslapenes se toestand sê. Die woord doderyk word in die OT soms as teenstelling met hemel gebruik.

In die OT is die hemel as die boonste en die doderyk as die onderste deel van die skepping gesien. In Ps.139:8 skryf koning Dawid: "Klim ek op na die hemel, U is daar; en maak ek die doderyk my bed, kyk, U is daar". Die doderyk word ook met beelde uit 'n gevangenis beskryf. In Ps.18:6 sê Dawid: "Bande van die doderyk was rondom my..." Daaruit lei ons af dat daar wel so 'n plek is.

Die OT gebruik verskillende beelde om die plek van die verlore nes te beskryf. Dis 'n donker plek. In Job.17:13 sê Job: "As ek hoop op die doderyk as my huis; in die duisternis my bed uitsprei". Die doderyk is 'n onderaardse diepte wat nie genoeg van dooies kan kry nie. In Spr.27:20 sê Salomo: "Die doderyk en die plek van vertering word nie versadig nie" Dis 'n plek waar baie mense is. In Jes.5:14 sê die profeet: "Daarom het die doderyk sy keel wyd oopgemaak en sy mond uitgerek sonder maat..."

Die doderyk verwys ook na die graf. In Ps.88:12 is die woord vir graf dieselfde as vir doderyk. Dood, doderyk en graf lê binne dieselfde betekenisveld. In die doderyk tel belangrikheid nie. In Jes.14 het ons met 'n spotlied te doen wat oor die dood van 'n wêreldheerser en die ondergang van sy ryk handel. Die treurige toestand waarin hy hom na sy dood in die doderyk bevind, staan in skrilte teenstelling met sy eertydse glorie. Sy heerlijkheid het soos 'n ster verskiet. In die doderyk kom aardse status, ereposisies en rykdom tot niks. Daar is geen voorkeur nie. Let maar op Christus se gelykenis van Lasarus en die rykman in Luk.16.

Is God ook in die doderyk teenwoordig? Nee, in Ps.88 word die doderyk as 'n Godverlate plek

voorgestel en handel oor 'n man met die naam van Heman se worsteling met God. Hy is baie ernstig siek en voel dat die dood naby is. In vers 5 beskryf hy sy toestand en sê: "Ek word gereken by die wat in die kuil neerdaal..." Dit voel vir hom asof hy met die een voet in die graf en alreeds tussen die dooies is.

Die dood is nie die oomblik waarop die mens sy laaste asem uitblaas en die lewe verloor nie. Dis nou alreeds 'n werklikheid wat in die lewe van die mens ingryp. Die tot-die-dood-toe siek Heman bevind hom reeds in die doodgebied. In vers 4 sê hy : "...en my lewe raak aan die doderyk" .

Ps.49 trek ook vir ons die gordyn weg sodat ons in die doderyk kan sien wat met die goddeloses gebeur. Hierdie Skrifgedeelte sê vir ons dat dit vir sulke mense vir ewig te laat is om reg te maak.

Vers 8 lui: "Niemand kan ooit 'n broer loskoop nie; hy kan aan God sy losprys nie gee nie". Verder belig hierdie psalm vir ons spesifiek die lot van die goddelose rykes. Hulle aardse besittings kan hulle nie van hul roemlose dood bevry nie. Alles waarop hulle hul lewe lank vertrou het, verdwyn met hulle dood.

Die dood is vir ongelowiges 'n finale en onomkeerbare afsnyding van God. Hulle word onmiddellik gevangenes van die doderyk. Die

sterwe is nie so erg as om vir ewig van God geskei te wees nie. In Matt.16 staan daar vir ons iets belangriks oor die doderyk opgeteken. Toe Christus by geleentheid alleen met sy dissipels was en Petrus 'n geloofsbelydenis doen, sê Jesus vir hom:"Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie" (:18).

Die doderyk word hier as 'n stad met groot en ondeurdringbare hekke voorgestel waarbinne die dooies soos in 'n tronk aangehou word. Deur sy Bloed het Jesus hierdie hekke oopgebreek om mense van die mag van die dood te bevry. Daarom durf gereddes nie die dood vrees nie. Al sterf hulle een vir een, sal hulle nie in daardie verskriklike stad beland nie. Daarvoor het Jesus die Paradys voorberei.

In Openbaring word die doderyk op drie plekke met die dood verbind. Christus was werklik dood, maar het waarlik opgestaan en beskik volgens Openb.1:18 oor die sleutels van die doderyk. Hier kry ons weereens die voorstelling van die doderyk as 'n tipe van gevangenis waarvan die sleutel in die hand van die opgestane Jesus is.

In Openb.6:8 word die dood as 'n ruiters op 'n vaal perd voorgestel wat deur die doderyk begelei word. Die doderyk tree hier as 'n luitenant van

die dood op. Die ruiter en sy luitenant is op 'n wêreldwye sending om mense met die swaard, pessiëktes en hongersnood dood te maak. Die doodslag neem so 'n omvang aan dat 'n kwart van die mensdom sterf. Dan kom die laaste oordeel en die prentjie verander drasties. Christus se opstanding uit die dode laat Hom oor die dood triomfeer waarna die dood die aftog blaas. Openbaring verseker ons dat wanneer Christus weer kom, die see en die doderyk al die dooies sal gee wat daarin is. Daarna word die doderyk in sy geheel in die ewige poel van vuur gewerp.

Gelowiges daarenteen verkry almal deel aan Christus se oorwinning en word opnuut aan Hom verbind. Lees gerus Rom.8:31-39. Selfs die dood kan nie die daardie band wat op aarde met Christus gevorm is, vernietig nie. Openb.21 sê dat die dood self vernietig word.

## HOOFSTUK DRIE

### Ons buitekant

Wanneer die Bybel van die mens as stof praat, verwys dit na sy verganklike liggaam. Verganklikheid beperk ons krag en vermoëns. God alleen is onbeperk en onverganklik omdat Hy nie 'n liggaam het nie. God het die mens as kroon van sy Skepping gemaak. Behalwe dat die mens met God kan praat, verskil hy in nog 'n opsig baie groot van die dier. Die dier se liggaam verteenwoordig sy volle bestaan, maar nie dié van die mens nie. Die mens se liggaam is slegs die buitekant van sy bestaan. So anders as die dier, het hy ook 'n binnekant.

Net so min as wat 'n ruimtevaarder sonder 'n ruimtepak in die buitenste ruimte kan oorleef, kan ons op aarde sonder 'n liggaam leef. Die ruimtepak verteenwoordig egter nie die ruimtevaarder se volle bestaan nie. Die ruimtepak is slegs sy buitekant. Die werklike ruimtevaarder is binne in die pak. So het die mens ook 'n binne- en buitekant wat liggaam en siel genoem word. Wanneer die Bybel derhalwe van die mens as stof of liggaam praat, herinner dit ons daaraan dat ons

eendag uit ons stoflike pak sal moet klim. Dit is die dood.

Ons aardse bestaan is soos 'n reis. Ons is van ons geboorte af oppad na die dood. Sommige reis lank, ander weer kort. Die ruimtevaarder is nie vir altyd in sy ruimtepak nie, daar kom 'n dag dat hy dit sal uittrek. So is ons nie vir ewig in ons liggame nie. Ons sal op 'n dag daarvan ontslae moet raak. Dit beteken nie dat ons ophou bestaan nie. Die ruimtevaarder hou mos nie op bestaan wanneer hy sy ruimtepak uittrek nie. Hy bestaan nog steeds, net 'n bietjie anders. So ook die mens na sy dood.

Die woord bestaan dui op iets wat 'n begin en 'n einde het. Iets wat bestaan, word aan tyd en vorm gekoppel. Kom ons let kortliks op hierdie twee elemente en begin by tyd. Wat beteken dit om aan tyd gebonde te wees? Dat die lewende skepping in die tyd gebore word en daarmee saam beweeg. Daarom word mense, plante en diere by die dag ouer. Dis die tydsaspek. Tweedens is daar die vormaspek. Die lewende skepping het sekere vorms of liggame. Ons aardse bestaan is tydelik-liggaamlik. Ons gaan ons liggame nie vir ewig by ons hê nie. Ons kan dit nie saam met ons die ewigheid inneem nie. Ons skud dit deur die dood af soos 'n slang wat vervel.

Ons moet egter nie ons liggame nie as 'n lastigheid sien nie. God het dit geskep en behoort eerstens aan Hom. Die Heidelbergse Kategismus sê dat ons met liggaam en siel nie aan onself maar aan God behoort. Daarom mag ons nie met ons liggame na goeddinke handel nie. Dis is vir die Here so kosbaar dat Hy dit as woonplek van die Heilige Gees uitgekies het. 1 Kor.6:19: "Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julleself behoort nie?"

Ons liggame is ook vir God belangrik omdat ons Hom daarmee dien. Gevolglik verwag Hy dat elke deel daarvan in sy diens sal staan. Lees gerus Rom.6. Al is dit so dat die liggaam deur die dood tot niet gaan, sal dit met die wederkoms weer opstaan. Die natuurlike liggaam wat as't ware in die grond gesaai is, sal as geestelike liggaam opgewek word.



## HOOFSTUK VIER

### Ons binnekant

In skerpe teenstelling met ons liggaam is ons binnekant, ons siel, onsterflik. Dis die deel van jou wat die dood vryspring. Net jou buitekant sterf; nie jou binnekant nie. Die ou Griekse filosowe het die liggaam as die tronk van die siel gesien en die dood as 'n bevryder daarvan. Nee, dis darem te negatief!

In Rom.8:38,39 jubel Paulus as hy sê dat die dood ons nie eens van die liefde van God kan skei nie. Na ons dood bly ons nog steeds in God se veilige sorg. Vir gelowiges is die dood derhalwe geen nare oordeel nie, maar 'n nuwe begin by God.

Voor die sondeval was die brug tussen God en mens oop. Sonde het dit egter vernietig. In die volheid van die tyd het God sy Seun na die aarde gestuur om dit te herstel en deur sy dood en opstanding het Jesus vir ons die Brugbouer tussen lewe en dood geword. Jy kan nie anders by God uitkom as oor die brug van die dood nie.

#### 1. Die ewige lewe

Gelowiges het 'n unieke bestaanswyse wat die ewige lewe genoem word. Ek wil waag om te sê dat meer as 90% van alle mense die begrip ewige

lewe verkeerd verstaan. Die meeste mense meen dat dit eers met jou laaste asemuittog in aanvang neem. Nee, die ewige lewe begin reeds hier op aarde. Dis die nuwe lewe wat jy met jou wedergeboorte verkry. Jy bekom 'n wonderlike lewe wat nie eens deur die dood vernietig kan word nie! Die dood vernietig slegs jou buitekant; nie jou binnekant nie. Na die dood leef jy voort; net heelwat anders en baie beter as voor jou dood.

'n Ruimtevaarder lyk mos baie anders binne in sy ruimtepak as daarbuite. So sal ons ook anders lyk nadat ons ons buitekant verlaat het. Dit gaan ons nie minder lewendig maak nie. Net soos wat 'n ruimtevaarder nie minder lewendig buite sy ruimtepak as daarbinne-in is nie, sal ons nie sonder ons liggaam minder leef nie. Ons siele leef tot in alle ewigheid.

In hierdie opsig is ons lewe soos die son wat agter die horison verdwyn. Dit lyk asof dit weg is, maar in werklikheid hou dit aan om te skyn. D.L Moody het by geleentheid gesê: "Eendag sal julle in die koerant lees dat DL Moody dood is. Moenie 'n woord daarvan glo nie! Op daardie oomblik sal ek meer lewendig as ooit tevore wees!" Luister wat sê Jesus in Joh.11:25: "Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook

gesterwe". Ag, as mense dit maar net wil glo en anders oor die dood begin dink!

Ons kan nie ons saligheid koop nie. Dit word slegs deur die wedergeboorte verkry. Nie ons voorbeeldige lewe, onbesproke kerkgang, groot dankoffers of wat ookal nie - slegs die wedergeboorte. As jy nie tot bekering kom nie, het jy geen deel aan die ewige geluksaligheid nie. Daarom is die bekering die allerbelangrikste stap wat 'n mens ooit in die lewe kan maak. Alle ander is minder belangrik.

Mense sê maklik: "Ja, ek glo in die Here Jesus". Maar glo hulle werklik? Is dit nie maar blote erkenning nie? Blote erkenning verseker jou nie van die ewige lewe nie. Die Skrif sê dat selfs die bese geeste Jesus erken en ons weet dat hulle vir die hel bestem is.

Hoe weet 'n mens of jy regtig glo en of jy jouself nie dalk bedrieg nie? Dis eintlik maklik: Kyk na jou lewe. As jy soos 'n kind van God leef, is jy een. Maar as jy nie soos een lewe nie, bedrieg jy jouself deur te meen dat jy glo. Jou lewensstyl moet 'n bewys van jou geloof wees. In Matt.3:8 sê Jesus: "Dra dan vrugte wat by die bekering pas". Jesus is ons hemelse vrugte-inspekteur.

Die Bybel gebruik ook die woord slaap as versagterende term vir die dood. As iemand pas

oorlede is, lyk dit soos iemand wat slaap. As Jesus die woorde slaap of ontslap gebruik, dui dit op sy Heerskappy oor die dood. Hy sal die dooies net so maklik opwek soos om 'n slapende wakker te maak.

## 2. Die hemel

### 2.1 Die heelal

Kom ons let vervolgens op die hemel. Ons volkslied begin met die woorde: "Uit die blou van onse hemel..." en die modelgebed met: "Onse Vader wat in die hemel is..." Beide praat van hemel. Word hier dieselfde plek bedoel? Nee, die volkslied verwys na die onmeetlike blou lug bo ons, terwyl die Onse Vader van God se woning praat.

As Gen.1:1 van die hemel praat, dui dit op die plek waar sterre en wolke is. In Luk.18:13 lees ons: "En die tollenaar het ver weg gestaan en wou selfs nie sy oë na die hemel ophef nie..." Hierdie hemel is nie die woonplek van God nie, maar die heelal. Uit hierdie hemel kan daar selfs lig skyn soos met die bekering van Paulus en die geluid van 'n geweldige rukwind kom soos op Pinksterdag gehoor is. Die feit dat hierdie hemel geskep is, sê dat dit

verganklik is. Daarom het ons in Openb.21 die belofte van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde.

## **2.2 Die woonplek van God**

In Openb.4 sien Johannes hoe dit in die hemel, die woonplek van God, lyk. God is daar op die troon vanwaar sy Oppergesag en heerskappy uitgaan. Daarby getuig Paulus in Efes.1:10 dat Christus in die hemel aan God se regterhand sit vanwaar Hy sy kerk regeer. Geen mens kan hom die hemel voorstel nie. Dis totaal anders as die aarde.

## **3. Ten volle bewus**

### **3.1 Die groot vraag**

Die groot vraag wat gevra word, is of ons mekaar na die dood sal herken? Ja, ons sal, maar met 'n verskil. Ons aardse verhoudings verdwyn sodra ons aardse bande verbreek word. Ons verhoudings met mekaar sal totaal anders wees. In die hiernamaals is daar bv.geen huweliksverhoudings nie omdat gelowiges se aandag geheel en al op God gerig sal wees.

Dit moet ons egter nie ontmoedig om ons lewens aan die Here te gee nie. Ons moenie uit die oog verloor dat alles daar volmaak gaan wees nie. Dit sluit ook ons verhoudings in. Dit gaan baie sinvoller en heerliker wees. Die Bybel lig ons egter nie volledig oor die aard van ons verhoudings in nie omdat alles in die hiernamaals uiteraard om Christus draai.

### **3.2 'n Insiggewende gelykenis**

Die gelykenis van Lasarus en die ryk man (Luk.16) sê vir ons baie duidelik dat ons wel van mekaar bewus sal wees. Hierdie verhaal ontvou in twee bedrywe. In die eerste bedryf is daar twee spelers nl. 'n ryk en 'n arm man. In die tweede bedryf word hierdie rolle omgedraai wanneer die ryk man arm word en in die verdoemenis beland terwyl die arm man geestelik ryk en is gelukkig by Abraham is.

Die doel van hierdie gelykenis is nie om inligting rakende die hiernamaals na mense deur te sein nie. Die bedoeling is om die hoorder reeds hier op aarde tot 'n beslissing aan te spoor omdat dit sy hiernamaalse woonplek bepaal.

In die eerste toneel verskyn die rykman in al sy glorie op die toneel. Hy bly in 'n spogbuurt, dra die beste klere en leef feestelik. Sy lewe is vol prag en praal. Ons moet dit egter nie teen hom hou dat hy die arme Lasarus nie na sy feeste uitgenooi het nie. Die ou Oosterse wêreld het baie skerp sosiale teenstellings geken. Glansende rykdom en skreiende armoede het niks met mekaar in gemeen gehad nie. Gevolglik het die twee karakters slegs in 'n bepaalde verhouding tot mekaar gestaan. Die ryke het die bedelaar slegs tot by sy agterdeur toegelaat. Lasarus het geleef van die brood wat die gaste gebruik het om hulle vingers mee skoon te vee en daarna vir die honde onder die tafel gegooi is.

Die tweede bedryf verskil geheel en al van die eerste. In die eerste val die kollig op die rykman en die arm Lasarus. Die tweede toneel verskil so ingrypend, dat dit net sowel die opskrif: Die arm man en die ryk Lasarus, kon gehad het. Van Lasarus kan ons sê dat hy in die geselskap van honde geleef, maar in die geselskap van engele gesterf het.

God sorg vir hom in sy sterwensoomblikke wanneer die engele hom na 'n ereplek by Abraham, soos die Paradys hier genoem word, dra. Die dood is soos 'n grimmige hekwagter wat ons by 'n pragtige paleis

inlaat. As Lasarus sy oë oopmaak, gewaar hy sy verruklike geestelike rykdom. Die graf was nie vir hom 'n doodloopstraat nie, maar 'n deurgang. Toe sy lewensdeur in die skemer van sy bestaan toegegaan het, het dit op die dagbreek oopgemaak.

Ek glo dat die Paradys 'n plek van heilige verwondering is. Nie soseer vir sy skoonheid as voorportaal tot die hemel nie, maar veral vir die gereddes wat alreeds daar is. Ons gaan daar mense kry wat ons nooit verwag het om daar te sien nie! Die Paradys sal soos 'n oneindige groot museum van wonders en genade wees. Dit sal soos 'n paleis van wonderwerke wees wat elke nuwe aankomeling sal verras!

In die gelykenis sterf die rykman terselfdertyd; net wanneer hy dit die minste verwag. Ja, van alle besoekers is die dood die mees aangekondigde een, maar ook die mins verwagte een. Wanneer die rykman sy oë oopmaak, gewaar hy sy skreiende geestelike armoede. Hy is in die doderyk en ervaar intense pyn. Wat 'n ontnugtering! Dood is geen ewige slaap soos wat hy gedink het nie, maar 'n ewige wakkerwees! Sy hiernamaalse verblyfplek is vir hom 'n pynlike werklikheid. O, hoe kan iemand wat sy siel verwaarloos het ooit die hemel wil betree?

Hoe verskriklik moet dit nie vir 'n mens wees om net vir 'n minuut in die hel te verkeer nie! Hoe sal jy nie wens dat jy die saak met jou Skepper betyds reggemaak het nie. Maar nou ja, daar is nie so 'n ding soos 'n minuut in die hel nie, maar 'n ewigheid! Eenmaal verlore, altyd verlore.

Die rykman tree bewustelik op en soek hulp. In die verte sien hy Abraham met Lasarus langs hom. Sy herinneringe aan die aardse lewe is dus nie uitgewis nie. Hy onthou en herken dan nog! Maar waarom wend hy hom tot Abraham? Omdat hy van hom afstam. Hy vra die aartsvader om Lasarus in sy belang te stuur. Sy versoek is gering - hy vra net dat Lasarus aan hom sal doen wat hy vir Lasarus op aarde gedoen het - 'n krummeltjie van sy oorvloed, ja, 'n spatseltjie water om die ergste brand te blus.

Hierdie gelykenis bevestig onomwonde dat die buitenste duisternis 'n plek van geweldige pyn is. Uit Abraham se antwoord lei ons af dat dit beter is om aardse gebrek te lei en die geloof te verkry, as om aardse rykdom maar geen hemelse skatte te hê nie. Oor een ding moet ons darem net helderheid hê: Rykdom as sulks is nie 'n diskwalifikasie vir die ewigheid asof armoede 'n voorwaarde daarvoor is nie. Abraham was immers self een van die rykste mense van sy tyd. Daar is

geen inherente verdienste aan armoede nie. Wie arm is, verkry nie op grond van sy armoede outomaties toegang tot die hemel nie.

## HOOFSTUK VYF

### Drie vrae oor die hiernamaals

#### 'n Onveranderbare situasie

Kan 'n mens jou situasie in die hiernamaals verander soos wat die Jehowagetuies bv. leer? Kyk weer na die gelykenis. Dit belig ook die oorsaak van die man se verwerping en die guns wat aan Lasarus betoon word. Die verskil tussen ryk en arm is tydelik van aard. Die dood wis hierdie grens onmiddellik uit. Wat na die dood volg, kan nie verander word nie.

Ons sien die onherroepelikheid van die man se toestand al te duidelik in sy versoek aan Abraham as hy vra dat Lasarus sy broers moet gaan waarsku sodat hulle nie ook in die plek van pyn beland nie. Die onherroeplike, ellendige toestand van die man is die gevolg van sy ongehoorsaamheid aan God. Hy was ryk, maar sonder God. Daar was geen plek vir God in sy weelde, feeste en lewenswyse nie. Daarvoor was sy program net te vol. Ja, so vol dat daar kwalik plek vir sy naaste was nie. Ons hiernamaalse situasie kan nie omgekeer word nie!

#### **Gehoorsaamheid**

Nog 'n vraag wat gevra word, is: Kan 'n mens alleenlik deur gehoorsaamheid aan God se wil die ewige straf vryspring? Ja. Lasarus se armoede is nie sy redding nie. Sy lewe het uit een groot noodkreet bestaan dat God moes help. En God het! Ons word nie met 'n keuse tussen rykdom en armoede gekonfronteer nie, maar met 'n keuse tussen gehoorsaamheid en ongehoorsaamheid aan God se Woord en wil. Die eerste stap na die hemel, is om in Jesus Christus te glo. Jy moet rekenskap kan gee of die saak tussen jou en die Here reggemaak is. Onthou: Sonde het dit gebreek. Slegs bekering herstel dit.

#### **Prioriteite**

Heg jy meer waarde aan aardse dinge as aan die dinge wat van ewigheidswaarde getuig? Indien dit die geval is, wag daar na hierdie lewe 'n verdiende loon - die pyn van die buitenste duisternis met sy ewigdurende, onveranderbare toestand. As jy egter aan God gehoorsaam is, het jy 'n blye vooruitsig om saam met Jesus in die Paradys in hemelse vreugde te verkeer!

## HOOFSTUK SES

### Die ewige verdoemenis

Baie mense glo nie in 'n hel wat werklik sal brand nie. Dis glo 'n simboliese vuur en steur hulle gevolglik nie daaraan nie. As iemand my 'n simboliese hou oor die kop sou gee, sal dit my mos nie pla nie. Nee, die hel is nie simbolies nie, maar 'n waaragtige poel van vuur wat vir ewig brand. Gaan kyk maar gerus: Mense wat die bestaan van die hel ontken, leef almal in vrees vir die oordeel!

O, hoe verskriklik sal dit nie wees om getroue kerkgangers eendag in die hel te sien brand nie! Hoe verskriklik sal dit nie wees as ouers hulle kinders of kinders hulle ouers daar sal sien nie! Ek kan my geen groter droefheid indink as 'n persoon wat die hel met sy vader se gebede op sy voetstappe en sy moeder se tranes op sy kop instap nie!

So baie mense hang as't ware aan 'n dun draadjie oor die rantjie van die hel. Dit kan enige tyd breek. Net 'n laaste asemteug of 'n vinnige hartstilstand en jy is in die ewige verdoemenis sonder hoop en sonder God. Hoe op aarde kan mense daarmee saamleef?

Iemand sê by geleentheid vir my dat hy nooit rustig sou kon leef indien hy aan die bestaan van die hel sou moes glo nie. Ek vra hom toe watter reg hy het om enigsins rustig te leef? Ja baie mense lag miskien oor die hel, maar hulle gaan hulle nie daaruit lag nie!

Ons Here Jesus was baie duidelik oor die hiernamaalse lot van die goddelose. Hy was nie valslik simpatiek oor hulle nie. Nog minder het Hy geswyg wanneer Hy hulle moes waarsku. Wie die goddelose nie van sy weg en lewenswandel waarsku nie, doen hulle die grootste onreg aan.

Baie mense glo dat God, omdat Hy 'n God van liefde is, geen mens verlore sal laat gaan nie. Vir so 'n persoon wil ek net een vraag vra: "Sê God dit in sy Woord?" As dit daar staan, sal ek my toga ophang en onmiddellik van beroep verander! Maar omdat dit nie daar staan nie, het ek alle rede om mense dringend te waarsku!

Mag elkeen van ons so gereed vir die hiernamaals wees, dat ons kan bid: "Here, as iemand vandag moet sterf, laat dit ek wees, omdat ek die gereedste daarvoor is."

## HOOFSTUK SEWE

### Die regte perspektief

Dis belangrik dat ons die dood sal verstaan. Baie mense is so bang vir die dood dat hulle amper nie geleef kry nie. Die dood kan vir mense net een van twee dinge beteken. Dis of 'n toestand van algehele onbewustheid of een waar daar mense in 'n geheel nuwe wêreld ingestap word. Wie Igglo, moet die dood as 'n wins beskou. Dis 'n ontmoeting waarna jy kan uitsien, maar ook 'n afskeid wat jy nie mag verhaas nie.

Die dood is vir elke mens 'n pynlike verlies. Daarom is ons hartseer as 'n geliefde sterf. Jesus het dan self oor die dood van 'n vriend gehuil. Maar wanneer ons aan 'n gelowige dink wat in sy nuwe woning tuisgekom het, kan daar selfs 'n glimlag deur ons trane breek. Die dood is niks anders as 'n oorgang na 'n ander wêreld net soos vriende wat die see oorsteek in mekaar se gedagtes bly voortleef al is hulle ver.

Om in die harte van mense wat ons agterlaat voort te leef, is om vir altyd te leef. Die dood beëindig slegs 'n lewe, maar nie 'n verhouding nie.

Dis in werklikheid nie die dood wat so verskriklik is nie, maar die gedagte dat dit iets vreesliks is.

Baie mense sien die dood foutiewelik as 'n tipe van engtevrees omgewe graflewe. 'n Mens hoor van iemand wat nie berusting oor die dood van 'n geliefde kan kry en dan gereeld begraaftoe gaan om met daardie persoon te gaan praat. Behalwe vir die bietjie terapeutiese waarde wat dit mag hê, is dit verder sinloos want daardie ontslapene is in werklikheid nie daar nie!

Die Bybel beskryf maar weinig doodsbedtonele. Miskien is die rede hiervoor dat die Here ons meer aandag aan die lewe wil laat skenk as aan die dood. Hoe ons leef, is immers van meer belang as hoe ons sterf. Die grootste tragedie van die lewe is nie die dood nie, maar dat 'n mens sinloos sal leef.

Die dood is nie die vyand nie, maar eerder die mens se vrees daarvoor. Ons moet onself elke dag daaraan herinner dat ons sterflik is. Ongelukkig maak dit baie mense so bang vir die dood soos kinders vir die donker. Gelukkig hou die vallei van die skaduwee van die dood vir gelowiges geen donkerte in nie. As mense wat met die dood worstel en die gesinslede wat hulle bystaan net vir 'n breukdeel van 'n sekonde deur 'n opening so groot soos 'n loergaatjie na die wêreld anderkant die dood kon kyk, sou hulle baie anders oor die dood dink.



Desondanks bly mense teen die aakligheid van die dood as sulks vaskyk. Hulle vereenselwig hulle met die akteur Woody Allen wat by geleentheid gesê het: "Ek is nie bang vir die dood nie; ek wil net nie bly wees wanneer dit gebeur nie". Dis nie die dood wat ons moet bang maak nie, maar die tyd wat dit voorafgaan. Daar is baie meer vrees in die lewe as in die dood. Wees derhalwe eerder bang vir die lewe omdat dit 'n bitter stryd is om te veg en 'n rowwe rit om te onderneem.

Die dood is om die wêreld wat jy ken vir groter kennis te verruil. Dis om geliefdes vir groter liefde agter te laat. Dis om 'n land te vind wat geselliger as jou eie is en 'n huis heerliker as jou aardse woning. Die dood is slegs 'n horison, d.w.s 'n beperking van ons uitsig. Gelowiges kyk altyd baie verder as die horison.

Dis net menslik dat die dood van 'n geliefde ons bedroef. Hoe anders is dit nie met gelowiges nie. Dis 'n anderse droefheid omdat ons weet dat ons hulle by ons eie dood of met die wederkoms van Christus weer sal sien. Die dood het, Goddank, waaragtiglik nie die laaste sê nie! Met die wederkoms sal die groot stilte verbreek en die kommunikasie met alle medegelowiges herstel word.

Mense wat reg leef, is altyd reg vir die dood. Allermens hulle wat ergerlike lewens lei. Hulle is banger vir die dood as vir enigiets anders. Geen mens is meer geskik om op die aarde te leef as hy wat vir die dood reg is nie. Want wie se lewe is so vol as die een wie se sonde weggeneem is? Wie kan in vrede gaan slaap en met soveel vreugde opstaan as hy wat in Christus 'n nuwe mens geword het? Vir hom is die dood slegs die sleutel wat die paleis van die ewigheid oopsluit.

By geleentheid vra iemand 'n bejaarde man hoe oud hy is. "Ek is aan die regte kant van 70" antwoord hy. Toe dit later aan die lig kom dat hy 78 jaar oud is, vra die persoon hom wat hy met die regte kant van 70 bedoel. "Dis die kant van 70 naaste aan my hemelse woning!" kom die antwoord. Ons moet ons derhalwe met alles wat met ons gebeur versoen. God sal niks te vroeg of te laat met ons laat gebeur nie. Alles wat Hy oor ons lewens beskik, is reg. Daar is nie iets soos die noodlot nie. Van Hom is alle dinge. In Hom is alle dinge. Na Hóm keer alle dinge weer terug. As die tekens van die ouderdom ons liggaam begin merk en ons verstand aantast, moet ons in daardie donker oomblikke net bid dat ons dit as deel van die ritme van God se skepping sal sien en daarmee vrede maak.

## 'n Paar slotgedagtes

As kinders van die Here moet ons die lewe tot op die einde voluit leef. Vir 'n Christen beteken die dood nie die einde van sy lewe nie, maar eerder die oorstap na die eintlike lewe. Die dood is dus nie die uitdoof van 'n lig nie, maar die doodblaas van 'n lamp omdat die dag aangebreek het.

Die dood is nie die grootste tragedie van die lewe nie, maar dit wat in mense sterf terwyl hulle nog lewe. Die dood het oor die kinders van God nie die laaste sê nie. Dit het nie die krag om hulle heeltmal te vernietig nie. God het in sy groot Genade ons van die vrees van die onafwendbare dood verlos deur die einde van hierdie lewe die begin van 'n nuwe lewe by Hom te maak!

As ons God met ons lewe vertrou, vertrou ons Hom ook met ons dood. Hy los nooit ons hand nie. Die Een wat ons aan die einde van ons lewe gaan inwag, is niemand anders as die Goeie Herder wat sy lewe vir die skape aflê en rus alvorens sy hele kudde bymekaar is nie. Gevolglik is selfs 'n skielike dood skielike heerlijkheid.

Gelowiges moenie vir die dood bang wees nie. Dis eintlik 'n vriend. Niemand sterf voor sy tyd nie. Alle vrugte word mos nie terselfdertyd ryp nie.

So ook gelowiges. Hulle is eers ryp wanneer God hulle huistoe neem. Sommige is op 21 jaar al ryp terwyl ander eers op 70 of 80 jaar ryp is.

Daarom moet die kind van God die lewe uitgaan net soos wat hy dit ingekom het - sonder vrees. Die lewe is soos 'n wedloop; op een of ander tyd gee jy jou fakkel aan 'n ander oor. Jy maak maar net plek soos wat ander voor jou vir jou plek gemaak het.

Jare gelede besoek 'n gelowige sy strewende vriend. "Vaarwel my vriend, ek sal jou nooit weer in die land van die lewendes sien nie", sê hy vir hom waarop die sterwende antwoord: "Ek sal jou weer in die land van die lewendes sien. Ek is daarheen oppad. Hierdie lewe is die land van die sterwendes".

Augustinus het gesê dat hy nie weet of hy van ons aardse bestaan as 'n sterwende lewe of 'n lewende dood moet praat nie.

Spurgeon vertel weer van 'n geval waar hy 'n sterwende gelowige gevra het hoe dit met hom gaan. "Amper goed" het die man geantwoord. Ja, die dood is 'n geneesmiddel wat ons vir ewig gesond maak. Gevolglik is die beste tyd van 'n gelowige se lewe, sy laaste. Want dan is hy die naaste aan die hiernamaalse lewe.

Spurgeon vertel ook van 'n ou Walliese dame wat op haar sterwensbed deur haar leraar besoek is. "Suster, jy is besig om te sink!" het hy vir haar gesê. "Maar dominee, hoe op aarde kan ek dwarsdeur 'n rots sink? 'n Mens wat op 'n rots staan kan mos nie sink nie. Ek staan dan op die Rots van alle eeue!" het sy hom geantwoord. Dis wonderlik om 'n gelowige wat nog vol lewe is, te sien sterf. Die rivier van sy sterflike lewe kom wel tot stilstand net om in 'n oseaan van 'n glorieryke hiernamaalse lewe uit te mond.

Ons moet miskien soos 'n Columbus van ouds wees wat tydens sy eerste ontdekkingsreis na Amerika nie presies kon sê wat aan die oorkant van die onbekende see was nie. Al sy hoop en verwagtings kon selfs op niks uitgeloop het. Al wat Columbus vas geglo het, was dat die see ook 'n oorkantste kus het. Die lewe het 'n oorkantste kus wat slegs met die vaartuig van die dood bereik kan word.

Gevollik moet die gedagte van die dood gelowiges nooit ontstel nie. Voor ons lê daar baie beter dinge as agter ons. Die dood is nie 'n vyand wat 'n einde aan alles maak nie, maar 'n vriend wat ons aan die hand neem ten einde die koninkryk van die ewige liefde te kan betree. Die dood is geen wrede tiran, wraakgierige vyand of hardvogtige despoot wat gereed staan om ons te vernietig nie.

Dis maar net die dienskneg van 'n liefdevolle God wat ons baie graag in sy Huis wil verwelkom.

By geleentheid het 'n kindjie 'n voëlnessie in 'n boom met 'n paar eiertjies daarin gevind. Toe hy na verloop van tyd weer daarkom, vind hy tot sy grootste ontsteltenis uit dat daar net 'n paar doppe in die nessie oorgebly het. Dis toe dat sy moeder vir hom sê: "Dis geen ramp nie, my kind! Daar was klein voëltjies binne in die eiers. Hulle het uitgebroei en weggvlieg om saam met die ander voëls te wees. Die eiers is nie onnodig gebreek nie, hulle het slegs aan hulle doel beantwoord". Ons moenie die grafte van ons geliefdes as 'n ramp beskou nie. Dis maar net die doppe wat gebreek is. Ons geliefdes bevind hulle saam met al die ander ontslape gelowiges in die hiernamaals. Hulle dood was vir hulle geen verlies nie, maar eerder 'n ongelooflike wins!

Mag elkeen van ons steeds so gereed vir die hiernamaals wees, dat ons kan bid: "Here, as iemand vandag moet sterf, laat dit ek wees, omdat ek die meeste gereed daarvoor is!"